

Tussen lewe en dood

Tussen lewe en dood

As ons van 'lewe' praat moet ons weet dat ons eintlik ook van dood praat. Ons vermy die woord 'dood', want dit wek kommer en seer. As jy van die dood praat skenk dit dadelik dat daar eers lewe moes gewees het. Dood kan nie intree as daar nie lewe was nie. Baie sien dus die dood as lelik, aaklig, vuil en wat jy ook al daaraan wil voeg, maar min wetend kom dit ook van VADER, en dit wat HY geskep het was goed.

Dood is inderwaarheid onverstaanbaar en onverklaarbaar vir ons klein ou verstandjie. Ons bespiegel en ons probeer dit verklaar, maar tog bly dit 'n eie interpretasie. Baie hang aan die lippe van die wat sodanig aan die anderkant van die dood 'n draai gemaak het. Elk van die skyndood manne het ook weereens hulle eie interpretasie.

N' paar woorde oor lewe; Lewe is 'n toestand van gedurige verandering en funksionele bedrywigheid wat kenmerkend vir georganiseerde stoflike is. Dit sal altyd deel wees van die mens, dier, plant of insek voordat dood intree "vir die ophou van bestaan daarvan". Enige bestaan in die lewe (op die aarde) is daarin geroep soos 'n bevel wat gerespekteer moet word. Die ontstaan van die stoflike (na 'n bevel) wek normaliteit op asof dit so hoort.

So kan ek ook sê van 'lewe' in die geestelike realm, maar met die verskil dat die ewigheid daaraan gekoppel is. Op die aarde poog Ha satan en sy werker wel hulle bes om die leef in die lewe so moeilik (*verpes*) as moontlik te maak.

Met die boonste informasie (*om oor 'lewe' te praat*) moet jy die dood saam bespreek. Ek wil amper sê dat jy meer oor die dood moet praat om 'lewe' uit te lig. As ek vra "Waaroor het die lewe gegaan" Of 'n snaakse stelling soos "Wat lewe oor gewees het". Baie terg die dood deur iets aan te vang wat lewe kan laat stop. Ander is noodgedwonge daarin waarvan hulle 'n doods-aanskou laat beleef. Inderwaarheid is dit die teenoorgestelde, want in die 'lewe' bespeur jy vreeslike en verskrikking dinge (*nie die dode nie*). Terwyl jy in 'n gevaarlike of moeilike omstandigheid verkeer pak vrees die lewe aan. Maar sodra die dood ingetree het, verdwyn alles vrees of gevaar vir lewe. Lewe is soos 'n houer waar jy alles in kan opgaan; Daar kan mooi en lelik in wees, Daar kan geluk en voorspoed in wees, maar tog kan dit gepaard gaan met ongeluk en teenspoed.

Net 'n tussenpose vraag soos "Dood waar is jou vonnis" wat ons lees uit die Skrif?

'n Kontroversiële vraag sal ek sê. Daar is soveel wat die onderwerp sal aangryp en allerhande verduidelikings rondom die dood wil deurgee.

Ek glo dat ek seker deel maak van die alleman, maar tog het ek gevoel om my relaas ook daar te stel. Die Skrif uit die Septuagint sê vir ons: *Hos. 13:14 Ek sal hulle red uit die hand van Hades en sal hulle los van die Dood. O Dood, waar is jou vonnis? O Hades, waar is jou angel? Troos bly vir my oë verborge. :15 vir die een wat verdeel onder broers, YAHUAH sal 'n warm wind van die wildernis teen hom bring, en dit sal sy waterdraers opdroog; dit sal sy fontein opdroog. Dit sal veroorsaak dat sy land verdroog, en al sy begeerlike voorwerpe.* Lees jy ook soos ek dat daar van twee wesens van gepraat word in die gelese verse hier bo? Eers met “Hades” en dan met “Dood”.

Daar kom nou 'n vraag of twee op nl.: Is jy bang vir Hades of Dood? Is jy bang dat jy gehaal sal word om na die doderyk (Sheol) te gaan? Indien wel waarom is jy bang? Ken en weet jy wat in die doderyk aangaan? Of is Dood en Hades net 'n miete? Is jy dalk bang dat daar niks aan die anderkant is nie? Of voel jy dat jy na die “hel” gaan, gaan as Azrael die boodskapper van YAHUAH jou kom haal?

Met die vrae wil ek 'n vraag op die vrae vra nl.: As jy sterf, sal jy weet hoe dit voel? Kan jy dit oorvertel aan die wat jou liggaam aanskou! Leweloos lê die liggaam daar, want die ‘gees’ en siel het dit verlaat (*Ek praat nie van pyn en lyding terwyl die gees en siel nog in die liggaam is nie*).

Baie kere kom jy as 'n lewende wese te doen het met lewens-gevaar waar sterftes in kan tree. Die mensdom word baie maal gedreig deur iets of iemand dat hy wel kan of gaan sterf. Ons as jongelinge in die weermag was opgelei en voorberei om te sterf vir sy land en sy mense. So kan ons noem van 'n sieke of gevaarlike sport ens.

Die dag toe Gidion die volk oproep (*van so 30 duisend*) was die groot meerderheid 'n klomp bang manne. VADER het op die ou-end net 300 onverskrokke manne uitgesoek tussen die opgeroepte.

So soms om bedreig te word vergeet mens van baie, en wil graag vashou om te bly lewe of dalk die teenoorgestelde. As 'n mens oud en afgeleef is het hy nie 'n keuse om wel afstand te doen en te gaan na die onbekende. Hartseer sal logies altyd intree vir die agterblywende, maar die een wat gegaan het na die hiernamaals weet of voel niks. Die gevoelens bly by die geliefdes wat nie 'n keuse het om te aanvaar dat hul geliefde nooit weer gaan terug kom nie. Hulle bemoedig mekaar en binne 'n korttyd word die oorledene 'n deel van hulle gedagte waar hartseer en pyn self vertroosting ondergaan het.

Kom ons kyk na 'n vergelyking oor lewe en dood; Voor jou lê 'n liniaal wat van skooltyd al op jou lessenaar lê. Soos ons weet het die liniaal tweë ente. Die een kant begin met 'n millimeter wat oorgaan na 'n sentimeter wat stop met dertig sentimeter. Jy tel die liniaal op 'aan die sentimeter kant' met een hand en hou hom voor jou in die lig.

Die ander end is nou ook logies in die lig, maar geen hand ondersteun hom nie. Die een end wat jy vashou verteenwoordig die lewe. Die ander ent van die linaal verteenwoordig die dood. Die lewe het hulp en ondersteuning nodig, maar die dood het wel die lewe nodig en daarom sy bestaan soos 'n "parasiet". Dus die bestaan van die twee ente "Lewe en dood" is die linaal. Ek noem wel dat die linaal twee ente het, maar inderwaarheid is dit die "begin" punte van beide.

Ek gaan oor na die potlood wat jy gereeld met die linaal gebruik wat amper dieselfde vergelyking van bo het; Al verskil is dat die een end van die potlood al hoe nader na die ander ent gaan omrede jy hom gereeld skerp maak. Dus die lang potlood word al hoe korter.

Lewe wag inderwaarheid vir dood om al hoe nader te kom. As dood nou te naby die lewe kom weet ons dat bruikbaarheid nie meer voor kan gaan nie. Die linaal 'wat lewe en dood verteenwoordig' bestaan nog steeds waarvan daar nog baie potlode (mense) gebruik sal word in die linaal (aarde) se bestaan tussen lyne wat deur hom getrek sal word.

Soos genoem dat wanneer daar 'n geboorte plaasgevind het, het dood aan die werk gespring (*Ek kan ook sê dat beide ente 'n geboorte ontvang het*). Die lewe staan in der waarheid stil en dood is aan die werk, en daarom moet ons so gou as moontlik besef en leer dat ons mag nie dood se werke steur nie. Die dood was gebore saam met lewe en waarom sal ons die tyd tussen hulle steur? Waarom sal ons die potlood onnodig kort, kort skerp wil maak?

Nou die potlood word op baie plekke gebruik. Dit het nie verniet gewag tot klaar-raking nie; Die potlood (mens) was sy hele "lewe" in gebruik om te skryf, lyne te trek of selfs mooi prente te teken. Die dag as hy tot niet verklaar word deur sy gebruiker kan hy inderwaarheid terug kyk op wat hy werklik gebruik was.

Om die bestaan van lewe te kan verstaan en waaroor dit gaan is om daardie pad (passie) tussen lewe en dood te aanvaar. Met tevredenheid moet ons die dood aanvaar, want dit is daar geplaas deur VADER. As jongeling is dood onopsigtelik, "want dit behoort mos net aan oumense", maar as die jare wel kan aanstap word dood al hoe meer opsigtelik. Wanneer dood wel ingetree het, het die houer van lewe tot niet gegaan. Die houer het soos 'n miswolkie in die lug verdwyn met alles wat daarin gewees het. Vir dood is daar geen pyn en lyding in nie; Ja geen traan of verdriet meer nie. Ons as agterblywendes glo dat die afgestorwene wel geestelik voor bery was in die lewens spel op aarde, en dit wat hy geestelik bekom het wel saam met hom sal vat na die doderyk. Hulle wat dus aan die 'siel' gewerk het sal nie vrugteloos aan die anderkant wees nie.

Kortliks lig ek die dood se doel en bestaan uit. In die Septuagint Skrif Gen.2:17 staan: *but of the tree for knowing good and evil, of it you shall not eat; on the day you eat of it you shall die by death.*” Soos bo genoem is dat dood aan VADER behoort kan ons dit duidelik lees uit die Skrif vers nl.: “jy sal sterf deur dood”. Dus kan jy “dood” sien as ‘n geskepte wese of entiteit van VADER. Soos toe die eersteling van die Egiptenare gesterf het, toe het ‘dood’ hulle getref en die Yashar’EL kinders verby gegaan; Bileam was geskok toe hy ‘dood’ voor hom aanskou toe die donkie nie wou loop nie;

Die dood tref 185 000 soldate in die laer van Assirië; Dawid het gefouteer om die volk te tel en dood maai onder die volk tot Dawid vir die volk pleit, en hy sien toe die doodsbodskapper in die lug.

Baie wil Ha satan insleep as die ‘doods bodskapper’ of hom eer gee as die een wat dood verteenwoordig. 100 % is hulle verkeerd, want ‘dood’ “soos ons na die boonste aanhalings kyk het”, is ‘n opdrag uitvoerende wese van VADER. Dood het reeds sy bestaan gehad voor die aardse se skepping. Wat onthou moet word is dat as iemand sterf is hy nie dood of die Dood nie. Hy is nou oorlede wat in der waarheid beteken dat hy oor gegaan het na die lewe wat in die hiernamaals lê; Ons ken dit as die ewige ‘lewe’. Daar is ‘n bodskapper met die naam Azrael wat die bodskapper is om dié te kom haal op aarde wat na die wagkamers moet gaan. Die een kamer is die wat reeds hulself veroordeel het; Twee opvolgende kamers is die wat tot oordeel staan; Die laaste wagkamer is die wat nie wag tot enige oordeel nie, maar wag op YAHUAH hulle Koning. Hulle kamer is belig met vars vloeiende water.

Min besef die ontsettende groot krag wat Dood besit. Of moet ek noem die ontsettende groot werk (*verantwoordelike*) wat hy het. Reg oor die aarde sterf daar mense en getrou sal elk van hulle kom haal word. Dood kan nie versoek word of ‘n kompromie met hom aangegaan word nie. Ha satan en sy magte is te klein en eenvoudig om met die dood ‘n aanknoop of kommunikasie te hê; Ha satan val wel 100% die ‘lewe’ aan. hy sal die ‘lewende’ verlei om hom rykdom te gee met allerhande lekkernye. Soos ons lees in die Skrif waar YAHUAH, Adam en Eva gewaarsku het dat indien hulle nie luister en doen soos hulle beveel was nie, sal hulle ‘sterf deur dood’. Dus ‘Dood’ sal hulle kom haal en wegneem soos ons dit leer ken het oor die eeue daarna.

Ek sluit net om te noem dat lewe sy arms wel uitsprei na dood wat hom kom haal. Ek weet dat die agterblywendes dit nie maklik sal kan aanvaar nie, want hartseer was ons Koning ook toe Hy tussen die omstanders by Lasarus by se graf was.

Ek voel dat dit reg is om hom of haar wat oorlede is te betreur, want daarin lê respek vir die lewe wat VADER daar gestel het. Jy het lief en verlief geword vir daardie lewe wat aan VADER behoort. Lees gerus wat in Mal.2:15 staan nl.: *Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie.* Wees lief vir jou mense. Pas hulle op en voed hulle met geestelike voedsel. Verbly jou die dag as dood kom aanklop by jou of by jou geliefde. Laat daar vrede in jou hart opkom en aanvaarding. Graag wil ons 'n keuse hê of maak, maar VADER sal besluit.

Bedink dit.